HEIL DIE LESER!

Met genoeë getuig die ondergetekende dat

WILLEM D. JONKER

Nou byna vier jaar lank (1942 - 1945) 'n leerling aan die Lichtenburgse Hoërskool is.

Gedurende hierdie tydperk was sy gedrag in alle opsigte onberispelik, sy voorbeeld in die skool en koshuis navolgenswaardig en sy invloed heilsaam en opheffend.

Sy loopbaan aan die Hoërskool, wat sy skoolwerk betref, is eenvoudig skitterend; hy het nog altyd die hoogste punte behaal in sy klasse; is inderdaad talentvol. By sy geniale eienskappe besit hy die karaktertrekke wat hom een van ons beste seuns in die skool maak. Op sport gebied het hy ook baie goed presteer as eerste span voetbalspeler en atleet.

Jonker beskik werklik oor die eienskappe van leierskap, getuie is o.m. die feit dat hy voorsitter is van die Leerlingraad en die debatsvereniging; hy is 'n leier in die seunskoshuis, die C.S.V. en skool.

Met die grootste vrymoedigheid kan ons hom aanbeveel as iemand wat enige Universiteit tot eer en voordeel sal strek; hy is vertroubaar, eerlik, beskeie en besonder goed gebalanseer wat sy lewensbeskouing betref.

Ons aller beste wense vergesel hom op sy toekomstige loopbaan.

P.J. Coniadie.

HOOF.

PRINSIPAAL, HOËRSKOOL LICHTENBURG
PRINCIPAL, HIGH SCHOOL

24 Oktober 1945.